

9 - 12 Augustus 2018

SITRUSOEWER (AJV)

Die 2018 AJV by Sitrusoewer was 'n reuse sukses. Dit was sommer baie nat en waterstewel aankope het rekord hoogte getalle bereik. Heelwat waterwerke ingenieurs is ondek wat 'n perfekte watersloot stelsel kan graawe, maar ons het die reën so bitter nodig dat ons dit met absolute dankbaarheid verwelkom het.

Vir die lede wat gelukkig genoeg was om op die vakansie dag al te kon uitsleep, het ons het die naweek afgeskop met 'n Vrouedag sjokolade fondue onder die lapa en die aand almal rustig saam gebraai.



Saterdag het ons die dag afgeskop met 'n opvoedkundige rit op die trekker en sitrus gepluk. Die middag was die AJV in groot getalle bygewoon en opgevolg met 'n smaaklike ete en kuier onder die lapa.



9 - 12 Augustus 2018

SITRUSOEWER (AJV)

Sondag het ons almal kerk toe gegaan en tyd saam met Sonja Herold en Tjokker deurgebring en daarna rustig gekuier en almal veilig terug gesleep.

